Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2025

RELIGIESTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
3. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae noukeurig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 1

Lees die uittreksel hieronder oor middelmisbruik in Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.

> Middelmisbruik is ŉ enorme sosiale/maatskaplike probleem in Suid-Afrika, soos elders, en dit neem daagliks toe. Alkohol, marijuana (dagga), kokaïen, tik en heroïen is van die mees gebruikte stowwe in hierdie land, volgens die Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep (SADAG).
>
> 'Gegewe sommige van die skrikwekkende statistieke oor middelmisbruik in die land, is daar ŉ dringende behoefte om mense oor die gevare en behandeling wat beskikbaar is, op te voed' sê Marna Acker, ŉ arbeidsterapeut by die Akeso-kliniek, Nelspruit (Mbombela).
>
> [Bron: www.co.za/MyNetcare2018/06]

1.1 Bespreek SES simptome wat ŉ persoon wat verslaaf is aan dwelms en alkohol sal hê. (12)

1.2 Verduidelik VYF oorsake van middelmisbruik. (10)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan rakende middelmisbruik. (10)

1.4 Bespreek die impak van middelmisbruik op die samelewing . (8)

1.5 Bespreek die praktiese strategieë of stappe wat godsdienstige organisasies kan neem om middelmisbruik aan te spreek. (10)

[50]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 2

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alle godsdienste het as 'n soliede monolitiese eenheid begin, maar as gevolg van sekere verskille in leringe, praktyke en bestuur, het hulle almal baie interne verskille.
>
> [Aangepas uit *Religion Studies Grade 12*, H.C. Steyn]

2.1 Noem enige TWEE vertakkings binne EEN godsdiens en vergelyk die interne verskille wat onder die volgende opskrifte bestaan:

2.1.1 Praktyke (10)

2.1.2 Bestuur (10)

2.2 Bespreek die voordele van interne verskille in godsdienste. (8)

2.3 Beantwoord die volgende vrae.

2.3.1 Bespreek inspirasie in die konteks van godsdiens. (10)

2.3.2 Noem en verduidelik DRIE hermeneutiese beginsels. (12)
[50]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 3

Intergeloofsamewerking kan wees, behoort te wees, was en is in sommige gevalle is steeds ’n positiewe ding. Die probleme en bekommernisse wat ontstaan, kan nie deur enige een nasionale of godsdienstige groep hanteer word nie. Godsdienstige organisasies werk nou saam in Suid-Afrika en in die hele Afrika. Hierdie organisasies is gestig om hartlike verhoudings tussen godsdienste in Afrika te probeer ontwikkel – een daarvan is Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA).

[Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies*, Grade 12]

3.1 Bespreek intergeloofsamewerking onder die volgende opskrifte:

3.1.1 Die stand van godsdienssamewerking in Suid-Afrika voor die demokratiese verkiesings van 1994 (12)

3.1.2 Die prestasies van die NGLF of NICSA (10)

3.1.3 Die doel van PROCMURA (8)

3.2 Die volgende uittreksel handel oor wêreldbeskouings. Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Ateïsme, agnostisisme, humanisme en materialisme is die vier wêreldbeskouings wat in Religiestudies bestudeer word.

3.2.1 Bespreek humanisme in godsdienstige konteks. (12)

3.2.2 Bespreek die positiewe bydrae wat sekularisme tot godsdiens gemaak het. (8)

[50]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 4

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Wanneer die verhouding tussen godsdiens en die natuurwetenskappe oorweeg word, is dit belangrik om te onthou dat wetenskap iets is wat mense in alle kulture vir eeue gedoen het; en so ook godsdiens. Godsdienstige feeste word gedurende die somer- en winterseisoene in baie kulture gevier.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

4.1 Vergelyk Darwin se evolusieleer en enige EEN van die Abrahamitiese godsdienste se weergawes van die skepping. (16)

4.2 Verduidelik die *Oerknalteorie*. (14)

4.3 Bespreek die reaksies van ENIGE EEN godsdiens op Darwin se teorie. (10)

4.4 Waarom het sommige godsdienste Darwin se evolusieleer verwerp? (10)
[50]

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Alle godsdienste het ʼn stel oortuigings oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en ander dele van ons lewens. Sulke breë oortuigings word na as godsdiensonderrig verwys. Hulle kan in die vorm van geskrewe of mondelinge teks wees. [Aangepas uit *Shuters Top Class Religion Studies,* Grade 12]

5.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die sentrale leringe daarvan onder die volgende opskrifte:

5.1.1 Die aard van die mensdom met verwysing na gemeenskap en die individu (12)

5.1.2 Aard van goddelikheid (12)

5.1.3 Aard van die wêreld (12)

5.2 Vergelyk die voordele en nadele van die mondelinge tradisie in godsdienste. (14)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.